

ds. PJ Kriel

05.03.2017

Inhoud. Hierdie preek wys dat God ons skep, nie transformeer nie. Ons eenheid met Christus waarin Hy ons sonde is en ons sy heiligheid en regverdigheid as mens is, is nie 'n verhouding met God nie. Dit is 'n skepping van God. God het ons gemaak en nuut gemaak om vir Hom te leef: ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het toe Hy ons gemaak het. God het nie driftige luste en impulsiewe magsdrome waarmee Hy ons oor en oor maak nie. Dit is wie geestelikes is en met ons wil doen in die naam van Jesus, maar hierdie Jesus is 'n afgod wat hulle self opgemaak het. Die Here Jesus Christus is vir ons soos 'n boer wat ons net een maak wat ons is en dan ontwikkel, bestuur en versorg. Die Here is nie vir ons 'n tuinier wat ons elke keer in nuwe belustigheid en magsdrome oormaak om ons ten toon te stel nie. Hy maak ons een keer en versorg ons altyd om vrug te dra.

Skriflesing. Efesiërs 2: 3 – 10; 17 – 24; 2 Kor. 5: 14 – 21.

Liturgie: 1. Ps. 42: 1, 2, 3. 2. Evangelielesing: Kol. 1: 21 -23; Lied 205: 1 en 3; 3. Nuwe wetslesing: Ef. 5: 6 – 20; Lied 532: verse 1, 2, 3. 4. Lied 464: 1, 3, 4.

Teksvers. 2 Kor. 5: 17 “Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel. Die ou dinge het verby gegaan – kyk, hulle het nuut geword.” NAV

Tema. God skep ons net een keer om te wees wat ons is, mense wil ons altyd aanhoudend oor en oor maak.

1. God skep. God transformeer niks wat Hy gemaak het nie.

God skep net eenkeer. God skep nie aanhoudend nie, want as Hy skep is dit goed en dit wat Hy skep is goed. Daarom is God nooit besig met transformasie, om wat Hy gemaak het oor te maak nie. God transformeer nooit sy skepping nie. Hy ontwikkel, onderhou, bedryf en bestuur sy skepping.

God skep ons om te wees wat ons is.

God transformeer ons nooit om iets of iemand anders te wees as wat Hy ons geskep het nie. Dit is wat ons moet hoor in hierdie sin wat Paulus hier stel: “As iemand in Christus is, is Hy 'n nuwe skepsel.” Ons is geskep om te wees wat ons is. Ons word nie aanhoudend, keer op keer, en weer en weer oor gemaak nie. Om elke keer weer en weer oorgemaak te word, is transformasie. Dit is iets heeltemal anders as skepping.

God skep om ons te wees wat ons is en dan onderhou God ons om te bly wat ons is.

2. Kom ons kyk na 'n voorbeeld om die verskil uit te wys tussen skep en transformeer.

Dit is soos die verskil tussen om met bome te boer en om tuin te maak.

'n Boer maak net een keer 'n plaas. Hy koop een keer. Hy koop nie sy plaas keer op keer en weer en weer nie. Dan besluit hy waarmee hy wil boer en lê hom daarop toe op wat hy besluit het om mee te boer. Dan ontbos hy en lê hy sy plaas uit. Hierdie groot ontbossing is een keer en die groot uitleg van die plaas is ook een keer as dit goed gedoen word. Hy ontbos nie keer op keer en weer en weer nie. Onkruid skoonmaak is heeltemal iets anders as ontbossing. Die een is net eenkeer en die ander is weer en weer. Wanneer 'n boer sy planne baie goed gemaak het, plant hy dan ook net een keer sy bome.

Wanneer hy klaar so sy plaas geskep het, dan kom die groot werk om dit te ontwikkel, te onderhou, te bedryf en te bestuur. Hierdie werk: ontwikkel, onderhou, bedryf en bestuur is heeltemal iets anders as om die plaas te begin. Jy maak net een keer en daarna ontwikkel, onderhou en bedryf jy wat jy gemaak het.

Dit is hoe 'n mens werk as jy wil oeste hê en opbrengs wil hê uit dit wat jy maak. Daar moet vrug en wins wees uit dit wat jy gemaak het.

Tuinmaak is iets heeltemal anders.

Tuinmaak is om 'n mooi plekkie te maak met plante net om mooi te lyk. Daarom werk tuinmaak so dat jy eintlik die hele tyd besig is om die tuin oor te maak. Jy lê die tuin elke keer, en weer en weer oor uit en skuif en plant elke keer iets anders en iets nuuts.

Sommer so die hele tyd! Eers maak jy blomtuin, dan struiktuin, dan vetplanttuin en dan sommer boom tuin.

Dit is hoe transformasie werk. Jy is die hele tyd besig om dit oor en anders te maak om weer sommer net anders mooi te lyk soos wat jy vandag voel en voor lus is.

Skep is om 'n boerdery uit te lê om te bedryf om 'n opbrengs uit vrug dra te kry uit versorging en bestuur. Transformasie is om 'n tuin oor en oor te maak te maak omdat jy weer vir iets anders lus is. Dit is sommer net vir mooi lyk. Dit is nooit vir opbrengs en om vrug te dra nie

3. Waarmee is God met ons besig?

Om ons te skep om vrug te dra en vir opbrengs uit ons vrug dra of om ons te transformeer om sommer net weer anders en mooier vir God te lyk?

God skep ons net een keer om te wees wat ons is, mense wil ons altyd aanhoudend oor en oor maak

Paulus gebruik spesifiek hierdie beskrywing vir wat die Here met ons mee besig is in hierdie sin: “As iemand in Christus is, is hy ’n nuwe skepsel.” God skep ons om vrug te dra. Hy transformeer ons nie om weer anders en mooier te wees nie.

Daarom word vers 17 direk uitgebrei met vers 18: “En dit alles kom van God af” NAV of “Dit is alles die werk van God.” 1983 vertaling.

Wat God maak, is ’n skepping van God. Wat God maak, maak net hy alleen. Dit wat God met ons gedoen het in Christus – is skepping, nie transformasie nie.

4. Geskep vir vrug dra!

Dit is hoe dit in die Woord van die Here al in Genesis openbaar word: Geskep sodat God kan sê: “Wees vrugbaar, bewoon en bewerk die aarde” Dit is die goeie werke waarvoor God ons bestem het. Paulus beskryf dit presies net so in Efesiërs 2: 10: “God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”

Die vrug waarvoor God ons bestem het in Genesis 1 en in Christus, is goeie dade: goed in saamwone: goed in ons ouerskap, goed in ons kindskap, goed in ons vriendskap, goed in ons burgerskap en goed in ons werk. Dit is die goeie dade waarvoor God ons bestem en gemaak het.

Een keer.

God skep mense net een keer, nooit weer en weer, en oor en oor nie.

Wanneer God ’n kind skep uit die RNA van ’n man en vrou, dan is dit een keer. Dit gebeur is mikro-breukdele van ’n sekonde dat duisende kodes aan mekaar heg om ’n nuwe mens te vorm.

Net een keer!

Net eenkeer geneties geskep om nooit weer geneties iemand anders te wees as wie God jou laat wees nie. Met talente en vermoëns wat in mikro sekondes gevorm is, om altyd so en daar te wees.

Dit gebeur ook met ’n kind se persoon en persoonlikheid. Een keer, nie weer nie! Binne die eerste vyf jaar gemaak om nooit weer ’n ander persoon te wees as wie en soos jy as mens gevorm is nie.

Gemaak vir die goeie dade waarvoor ons bestem is, net een keer!

5. Daarom moet ons werklik hoor wat Paulus aankondig oor wat gebeur wanneer ons in Christus geskep word.

Ons verloor heeltemal begrip vir wat hy hier verkondig omdat ons ons verbintenis met God sien soos 'n ons verhoudings tussen mense sien. Ons glo baie keer ons verbintenis met Christus is 'n verhouding.

Dit is glad nie waar nie. Die woord “verhouding” soos ons dit ken en gebruik, kom glad nie voor in die Bybel vir enige verbintenis tussen God en ons nie.

Ons verbintenis met Christus is 'n skepping van God net soos Hy ons as mense en persone geskep het. Dit is geen verhouding met God of Christus nie.

Kyk weer hoe Paulus dit in 2 Kor. 5 en Ef. 2 beskryf!

“As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel. .. En dit alles kom van God af.” en “God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep ...”

Wat God met ons doen is om ons te skep wat ons is, Hy gaan nie maar net met ons 'n verhouding aan nie.

6. Hierdie skeppingsdaad in Christus is om ons met die Here as mens in die hemel te verenig. In hierdie vereniging deel Christus alles wat Hy as heilige en regverdige mens is met ons en deel Hy alles wat ons as sondaars is, met ons.

Paulus kondig dit só aan: “Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God geregverdig kan wees.”

NAV

Dit is 'n skeppingsdaad van God: Hy maak net soos Hy alles geskep het Christus ons sonde en Hy maak ons in ons vereniging met Christus regverdig voor die wet van God.

Dit wat gebeur: Christus word ons sonde en ons word Christus se regverdigheid as mens – is nie 'n verhouding wat ons met God het nie. Dit is ook nie iets wat deur 'n verhouding met Christus gebeur nie. Dit gebeur omdat God dit so maak, so skep!

7. Geloof in die Here is geloof in Hom as Skepper.

Daarom is die geloof in wat Christus met ons doen, die geloof wat ontdek wat God geskep het tussen my en Christus – 'n vereniging wat so werk soos Paulus hierdie geloofinsig beskryf in 2 Kor. 5 vers 14: “omdat ons tot die insig gekom het dat indien Een vir almal gesterf het, almal dan gesterf het; en Hy het ter wille van almal gesterf

sodat die wat leef, nie meer vir hulle self sal leef nie, maar vir Hom wat ter wille van hulle gesterf en opgewek is.”

Ons geloof in die Here is geen geloof in 'n verhouding nie. Dit is geloof in wat die Here geskep het en wat Hy bedryf en bestuur soos Hy alles bedryf en bestuur wat Hy skep: ons vereniging met Christus.

Die insig in wie ons in ons vereniging is, is insig in God se skepping: ons is ingesluit en deel alles wat die Here in ons plek vir ons is.

8. Wat in Christus met ons gebeur, maak ons nuut, nie oor of anders nie. Hierdie nuutheid is ook eintlik geen nuutheid nie. Dit is net hoe dit was toe God ons gemaak het. Dit maak ons nuut van ons sonde, nie nuut omdat ons nou anders is as wat God ons gemaak het nie.

Om regverdig te wees in ons diens aan die Here en vir die Here te leef en nie vir ons self nie, is hoe ons deur God gemaak is. Wat die Here Jesus met ons doen deur ons in te sluit in wie Hy is as Skeppingsdaad – maak ons weer wat God ons voor gemaak en bedoel het, dit maak ons nie oor en anders nie.

Dit neem net die sonde wat ons is weg, dit maak ons nie oor nie.

In Christus ingesluit kan ons die mense wees wat God maak wanneer Hy ons as kinders in ons moederskoot gemaak het. Indien die Here my 'n ekstrovert gemaak het, is ek in Christus 'n ekstrovert wat vir die Here leef en nie vir myself nie; indien die Here my 'n kunstenaar gemaak het, is ek in Christus 'n kunstenaar wat vir die Here regverdig is en vir Hom kan leef; indien die Here my 'n tegniese mens gemaak het, is ek in Christus geregverdig om die Here met my tegniese gawes te dien en vir Hom te leef.

9. Daarom kan daar ook geen sonde wees wat ons doen, wat kan veroorsaak dat die Here moet ons moet oor begin as mens nie.

Christus het nie vir ons sonde geword en ons vir God regverdig gemaak in ons diens, liefde en toewyding aan God, sodat God ons weer kan oor maak en oor begin nie. Hy het ons sonde op Hom geneem sodat ons vir God die mens kan wees wat Hy vir Homself geskep het toe hy my gemaak het.

Wanneer boere in hul lande swamsiektes en goggas doodmaak of stamme nuut inent, begin hulle nie van voor af 'n nuwe plaas uitleë nie. Dit is alles net deel van die versorging, ontwikkeling bestuur en bedryf van die plaas.

Net so is dit wanneer God ons as sy kinders oproep om tot bekering te kom en vir Hom te leef. Dan is dit nie die begin van 'n oormak of anders maak deur God nie. U

moet gerus weer kyk na die oproep tot bekering in Efesiërs 4: 24: “Ja trek die nuwe mens aan wat in geregtigheid en ware heiligheid na God se beeld geskep is.

Bekering beteken nooit jy moet 'n ander mens aantrek as die mens wat God jou gemaak het nie. Jy moet nie 'n ander mens word as die mens wat God jou gemaak het nie. Jy moet die nuutheid aantrek dat in Christus mag jy vir God leef as die mens wat Hy jou gemaak het.

Geen bekering van sonde is ooit God wat met ons oor begin of weer begin nie –

- Bekering is maar net hoe ons die mens is wat God ons gemaak het om te wees!
- Bekering is maar net hoe is die mens bly wat God ons gemaak het!
- Bekering is hoe ons leef as die mens wat God ons gemaak het!

Bekering is nie om iemand anders te word of oor te word nie. Dit is hoe ons aanhou om te wees wat God ons voor gemaak het – om vrugbaar te wees in goeie werke in hoe ons saamwoon en saamwerk.

10. Geestelike transformasie is totaal iets anders as die Here wat ons in Christus skep om ons self te wy aan die goeie werke waarvoor Hy ons bestem het.

Geestelike transformasie is waarvan die geestelikes van hierdie wêreld ons wil oortuig: hulle wil ons oortuig God wil ons oormak en anders maak as hoe Hy ons geskep het.

Dit is die mense wat met geestelike tuinbou in hierdie wêreld besig is. Mense moet keer op keer, en weer en weer, oorgemaak word en anders gemaak word as hoe hulle is soos God hulle gemaak het.

Daarvoor het hulle al 'n hele aksieplan vir gelowiges uitgewerk: word wat jy is! Jesus het vir jou kom wys wat kan jy word as jy soos Jesus word! Jesus het gekom om jou as mens te verander sodat jy 'n ander mens kan word. God wil met jou oor begin en die manier waarop God met jou wil oor begin en dat Hy jou gaan oormak.

Waar kom hierdie geestelike nonsens wat opgedis word asof dit die Here se Woord is vandaan: God wil jou oormak, oor begin en jou as mens verander sodat jy 'n ander tipe persoon kan wees as wie jy is?

Kyk 'n bietjie hoe beskryf Paulus hierdie geestelikheid in Efesiërs 2: “Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het.”

Hier beskryf Paulus hoe werk afgodsdien. Dit is hoe mense is binne afgodsdien.

Hierdie lus is die lus om jou begeertes as geestelikheid met God aan te voel. Hierdie gedagtes is die magsdrome wat mense droom en dit dan voorhou as God se droom vir hulle lewe.

11. Dit is hoe hierdie geestelike tuinmaak werk!

Ons wil die tuin oormak en opmaak net soos ons lus het en net soos dit nou weer in ons gedagtes opgekom het. Ons is nie meer lus vir die ou tuin nie. Ons wil nou weer 'n nuwe tuin maak. Ons maak die oue oor en vervang dit met 'n nuwe!

Want ons het nou weer lus en dink nou sommer net weer anders oor hoe dit mooi moet wees!

Dit is hoe hierdie wêreld se geestelikheid werk: kom ons maak ons geestelikheid, ons spiritualiteit oor en maak 'n nuwe een op! Kom ons verander mense weer met 'n nuwe spiritualiteit en geestelikheid waarvoor hulle en ons nou weer lus geword het en soos wat daar nou sommer weer 'n nuwe mooi geestelikheid in ons gedagtes opgekom het!

Ons het 'n mooi tuin gemaak waarin mense volkschristene moes wees, maar nou is ons nie meer vir hierdie volkstuin lus nie, nou gaan ons 'n nuwe nasietuin maak. Dan gooi ons alles wat volkskerklik was uit en begin ons oor en nuut met 'n nuwe nasiekerk.

Ons het 'n mooi tuin gemaak met mense wat net passief moet aanvaar dat alles in die land gebeur omdat hulle skuldig is. Toe moes ons die mooi versoeningstuintjie gewees het. Van verlede jaar moet ons nou die Here se weermag word en militante Christene word, ons moet marsjeer op Sowetodag en nou opruk na Bloemfontein toe om ons militantheid te wys teen die land.

Elke keer as 'n daar 'n nuwe lus in 'n geestelike kom of hy weer sommer net 'n gedagte kry, dan moet ons oor gemaak word en nuut opgemaak word vir God. Dan moet ons 'n nuwe verhouding met God kry! Dan moet ons die ou verhouding met God los!

Elke dag weer van vooraf transformeer!

12. Waarmee is God met ons besig?

Is die Here besig om ons te versorg, te bestuur, te bedryf en te ontwikkel in dit wat Hy ons gemaak het as Skepper of is Hy besig om ons elke dag oor en oor te maak en weer elke keer anders op te maak?

Ons moet weer hoor wat die Woord van God sê: ons is as die beeld van God geskep: om in die regte en volkome liefde volgens die wet van God die goeie dade te doen waarvoor God ons bestem het.

- God weet presies wie en wat Hy ons laat wees!
- God gebruik ons baie spesifiek in die vaste raadsplan wat Hy vir ons binne sy skepping het!
- God plaas ons in 'n baie spesifieke posisie met spesifieke gesag om te kan doen waarvoor Hy ons bestem!
- God vat ons met Hom saam na die bestemming wat Hy vir ons het in sy skepping!
- God laat ons die mense wees wat Hy wil hê ons vir Hom moet wees: om vir Hom te leef!

In hierdie skeppingswerk van God met ons, skep God ons net een keer om te wees wat ons is en in Christus maak Hy dat ons weer kan weer wat Hy ons voor geskep het – heilig en reg in ons goeie dade.

Waar God só met ons besig is, is Hy elke dag besig om ons in hierdie skeppingsband, in Christus, te versorg, te bestuur, te bedryf en te ontwikkel in dit wat Hy ons voor gemaak het, een keer.

13. Maar as ons getransformeer word, oor en oor gemaak word om elke keer van voor af weer iemand en iets anders te wees as wat God ons voor gemaak het, dan is ons besig met afgodsdien.

In afgodsdien is nie meer God die Skepper wat ons maak na sy beeld in sy bedoeling met sy skepping nie. In die afgodsdien van mense se geestelikheid is God is 'n wispelturige god wat sommer net luste kry en dan sommer net weer doen waarvoor hy lus is. Hy is 'n doellose en planlose god wat sommer net elke keer weer doen wat nuut in sy gedagtes as magsdrome en magsvisies opgekom het.

Sou god so god wees, dan is ons uitgelewer aan die mag van hierdie god om elke keer en weer 'n keer van die begin af oor gemaak te word. Elke keer as hy 'n nuwe lus sou kry of 'n nuwe gedagte sou kry, dan moet ons weer van voor af anders word en opgemaak word- want ons is binne hierdie god se luste niks anders as net 'n uitstalling van sy luste en magsdrome nie.

Dan is ons nie meer die beeld van God, gemaak met 'n vaste bestemming en plek in sy skepping nie. Dan is ons net hierdie god se mooimaak goed! Ons moet weer van voor af anders mooi en fraai wees sodat hierdie god sy luste en gedagtes met ons kan bevredig!

Ons is niks anders nie as hierdie beluste god se ten toonstelling nie. In hierdie belustigde god is ons nie gemaak om vrugbaar te wees en vrug te dra as opbrengs vir God nie: om vir god te leef nie! Ons is net sy uitstalling van sy luste.

Is God besig om ons te gebruik en te laat wees waarvoor Hy ons gemaak het, of is God besig om ons te gebruik as die uitstalling van sy luste en impulsiewe magsdrome?

14. Wees vrugbaar!

Een keer gemaak en in Christus weer reg en goed gemaak om te wees waarvoor God ons net een keer gemaak het: vrugbaar in die goeie dae waarvoor ons bestem is, om saam te woon en saam te werk in sy skepping!

Dit is die rus waarin ons vir God kan leef: Hy sal my versorg en bestuur om vir Hom te leef want dit is waarvoor Hy my gemaak het.

Waar ons in hierdie vertrouwe in die Here leef, ons leef vir Hom wat ons gemaak het en ons lewe vir Hom reg laat wees, daar sal ons vir Hom kan wees wat Hy ons gemaak het.

Dit is wanneer ons vir God vrugbaar is. Wanneer ons elke dag net kan aanhou om te wees wat Hy ons gemaak het, dag in en dag uit, week in en week uit, maand in en maand uit, jaar in en jaar uit!

Nooit oorgemaak en weer anders opgemaak! Nooit oorgemaak vir 'n nuwe lus en nuwe uitstalling nie!

15. In hierdie geloof dat God ons skep om te wees wat ons is, dat ons verbintenis met Christus 'n skepping van God is wat net een keer gemaak en nooit weer oorgemaak word nie, moet ons die wysheid kan vind om te onderskei

- wie maak ons wat ons is en wie wil ons transformeer!
- wie maak ons een keer en nooit weer oor nie en wie maak ons oor en oor!
- wie maak ons volgens sy vaste bedoeling om 'n vaste plek in sy skepping te hê en wie kry elke dag net weer nuwe luste en magsdrome vir ons!
- wie laat ons vrugbaar wees en leef as mense in sy diens en wie stal ons uit om net geestelik mooi en fraai te wees!

God skep ons in Christus om te wees wat Hy ons as Skepper gemaak het! Daar is nie so iets soos 'n belustige god met impulsiewe magsdrome nie. Daar is wel geestelikes wat as prediknate, pastore, priesters, boedhas, rabbi's en imams met sulke geestelike drifte vir ons belustig is en ons wil opeis in hulle impulsiewe magsdrome!

In ons kerk hou hulle hierdie lustigheid en magsdrome aan ons voor asof dit is wie en hoe Jesus is. Geestelike mense bedryf Jesus as 'n afgod waardeur hulle ons geestelik misbruik vir hulle geestelike luste en impulsiewe magsdrome wat sommer net so in hulle siek gees opkom!

16. Ons mag ons nie so laat verniel nie!

Wat gaan met 'n boerdery gebeur as jy dit soos 'n tuin bedryf – elke keer met nuwe luste en impulsiewe magsdrome weer en weer oorgemaak?

Vandag voel ek om met neut te boer en net sodra dit onderhou en bestuur moet word, dan is ek nou skielik weer lus om met avos te boer! Vandag voel ek sommer net weer lus om met koejawels te boer, maar net sodra ek dit moet ontwikkel, onderhou en bestuur, dan wil ek skielik sommer net weer gemmer plant.

Wat gaan gebeur is dat daar nooit vrug gedra sal word nie. Daar sal net nooit 'n opbrengs wees nie.

Dit is hoe ons as kinders van die Here deur geestelikes wat hulle as dominees voordoen verniel word. Vandag se geestelikheid moet more oorgedoen word met 'n nuwe geestelikheid. More se spiritualiteit moet oormore weer met 'n ander spiritualiteit oor gemaak word!

Elke keer moet jy vir hulle 'n nuwe mooi geestelike tuintjie wees vir hulle belustigheid en impulsiewe magsdrome omdat hulle vir jou vertel hulle luste en magsdrome is god wat met jou besig is.

Ons mag ons nie meer so laat verniel in hierdie driftigheid om ons oor en oor en weer en weer anders te maak nie. Ons moet in hierdie woede teen hierdie geestelike mishandeling kan opstaan – “Ek is nie jou of julle geestelike maaksel nie. Ek is die Here se skepsel!”

Een keer gemaak en in Christus nuut gemaak om vir altyd deur die Here versorg te word, ontwikkel te word, bestuur te word om vrug te dra. Nooit deur julle oor en oor gemaak om uitgestal te word vir jul driftige luste en impulsiewe drome nie.

God skep ons wie en wat ons is. God transformeer ons nie! Ons gaan nie julle luste en magsidees wees nie. Die lewe wat ons nou hier leef, leef ons vir die Here!

God skep ons net een keer om te wees wat ons is, mense wil ons altyd aanhoudend oor en oor maak